DEEL 115 | WEEK 4 | 27 JANUARIE 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# BOERE IS GATVOL VIR SLAGGATE

Verskeie boere van die Sasolburg/ Heilbron-omgewing het besluit dat genoeg genoeg is en saamgespan om die slaggate op die dodelike R57-pad (tussen Sasolburg en Heilbron) te herstel. Ongeveer 35 km van die provinsiale pad is deur boere en hul plaaswerkers, in minder as drie dae herstel.

L.J. Botha vertel dat hy in Vanderbijlpark woon, maar buite Heilbron op die Vegkoppad boer en dus gereeld die pad moet aandurf. Petrus Pienaar, boer in die Vyandsvlei-omgewing, het die pad wat by sy plaas verbyloop self herstel en dit het Botha laat besluit om 'n paar boere bymekaar te kry vir 'n vergadering rakende die herstel van die pad. Koos Engelbrecht het dadelik ingestem en 300 sakkies teer uit sy sak gekoop. Die boere het altesaam 900 sakkies teer aangekoop en met die herstelwerk begin. Daar is sowat 800 liter bitumen-emulsie, wat as seëlmiddel in die teer dien, gebruik.


Die Departement van Nasionale Paaie in die Vrystaat het ook aan die boere 134 sakkies teer beskikbaar gestel. Daar is dus 1034 sakke teer vir die projek gebruik. Die kostes wat die boere self aangegaan het, beloop ongeveer R100 000 wat deel vorm van die vervoer- en dagloners se koste.

Roelof Pienaar, een van die boere wat ingestem het om te help, se mening oor die herstel van die pad is dat daar te veel ongelukke en skade aan voertuie is en dat almal gebruik maak van die pad om dagliks hul vriende en familie te vervoer.Terwyl boere aan die pad gewerk het, het motoriste gestop en boere bedank. Party het hul toeter geblaas ter ondersteuning en dankbetuiging aan die boere. Dank is op sosiale media ook vanuit alle bevolkingsgroepe aan die boere uitgespreek en groot waardering vir hul goedwilligheid is betoon.

Bertus van der Westhuizen, voorsitter van die Transvaal Landbou-Unie (TLUSA), het ook sy dank aan al die betrokke boere uitgespreek. "Ek glo dat hierdie besluit om verskeie redes nie maklik was nie. Niemand wil die regering vrywaar van hul verantwoordelikheid nie, maar tog kan ons ook nie terugsit en saam versleg nie." Hulle beplan om die pad vorentoe in stand te hou.

Groot dankbaarheid word getoon vir elkeen wat by die projek betrokke is.









# Mass measles vaccination campaign

*• Heilbron Clinic*

The Department of Health will be conducting a nationwide Measles vaccination campaign from 6 - 17 February 2023. The measles vaccination campaign will be used as a platform for providing Vitamin A supplementation and De-worming medication to children who are due or missed their doses.

**The following services will be rendered:**

1. Measles vaccination to prevent measles. It will be given to all children aged 6 months to 15 years irrespective of their current or previous doses received.
2. Mebendazole De-worming Tablets to prevent children from intestinal worm infestation. It will be given to all children aged 12 months to 59 months who are due for their routine dose or missed their routine doses.
3. Vitamin a supplementation drops to assist in strengthening the immune system. It will be given to all children aged 6 months to 59 months who are due for their routine dose or missed their routine doses.

All services rendered will be recorded in the Road-to-Health-Booklet. Please bring along with your child's immunisation card. Contact your nearest Clinic for further info.

# Heilbron Clinic Health Committee



*On the photo from the left: Lenie Roodt, Hettie Rothman, Riekie Els. Back: Petrus Lekota, Ishmael Mohlamme.*

# Oom West Grant word ter ruste gelê

*• René Fourie*



Oom West Grant is op 30 Maart 1939 gebore. Hy was in die eg verbind met Aletta Grant (Lötter). Sy is op 14 Mei 1942 gebore en is reeds in Oktober 2013 oorlede. Sy was oom Grant se groot liefde, wat so trane in sy oë kon bring. Uit hierdie huwelik is Wesley Grant, Rina Wilken (Grant), Johan Grant, en Raymond Grant gebore. Laasgenoemde boer op Charleston, Lötter-erfgrond van Aletta se familie, in die Heilbron-distrik.

Wesley Grant was die seun van Wesley Joseph Grant. Hy is op 27 Februarie 1888 gebore en op 14 Januarie 1957, op die ouderdom van 69 jaar, oorlede. Sy ma was Wilhelmina Johanna Grant (Myburgh) wat op 24 Junie 1900 gebore is en op 'n 89 jarige ouderdom op 14 Junie 1989 gesterf het.

Oom Grant was nie iemand om dorp toe te kom nie. Die min kere wat hy wel dorp toe sou kom, was hy 'n besoeker aan my kantoor. Ek moes hoor van sy pragtige groente wat hy in tonnels geplant het. Foto's het sy trots gestaaf. Hier kon ons ure sit en praat en koffie drink en Aletta (Let) se naam het altyd opgeduik saam met opregte trane van die verlange na sy Aletta, soos oom West haar genoem het. Volkspele en al die onthoustories is aan my vertel. Oom West was opreg lief vir sy Aletta. Haar graf staan op Charleston waar oom West ook op Vrydag, 27 Januarie, te ruste gelê gaan word. Sy diens vind om 11:00 vanuit die Klipkerkie plaas. Die diens sal behartig word deur Mike Mouton.

Oom West het in 2022, op die gryse ouderdom van 83 jaar, 'n reistog van drie maande aangepak. 'n Besoek aan Pella, Van der Kloofdam en nog baie ander dele van die land het deel van sy reis uitgemaak. Sy tentjie was opgeslaan, soms het hy by nuwe vriende, wat hy langs die pad gemaak het, oornag en soms het hy in 'n gastehuis oornag. Terwyl oom West oor sy reis gepraat het, het sy oë 'n anderste blink gekry. Ek moes nog sy geskiedenisverhaal skryf oor sy vader en die Grants se bloedlyn. Boeke is aangedra en baie stories is vertel, maar weens my tyd wat nie my eie was nie, het ek belowe om dit dié jaar te skryf. Nou is oom West geroep na sy hemelhuis en baie verhale het ek nooit gehoor nie.

Oom West was 'n legendariese mens. Heilbron se korrelkop-oom wat nie vir die duiwel sou terugstaan nie. 'n Boer wat self gewerk het. Hy was nooit bang om sy hande in die grond te steek nie. Hy was ook 'n sagte mens met 'n klein hartjie wat geskuil het agter die lang, maer lyf en plooie. As hy sy bril eers so teruggeskuif het, het die groot stories gekom. Jy het geweet vandag werk ons nie - ons kuier in die verlede. Trane was daar altyd en dan moes koffie en jou oor wat luister dien as troos. Hy was trots op sy kinders, kleinkinders, waarvan hy nege agterlaat, asook vyf agterkleinkinders. Elke kind het 'n plekkie in sy hart gehad.

West Grant se naam het jy vinnig leer ken as jy in Heilbron kom woon het. Hy was veral in die plaasgemeenskap bekend as die oom met die trekker wat drade nie voor kon keer nie. Die oom met die stoppelbaard, as hy geboer het. Geld en roem het nie in sy pad gestaan as jy met hom gesukkel het nie. Ek het sy sagte kant leer ken: Passievol, reguit en 'n klein hartjie wat tog omgegee het. Sy voorouers was sy trots en sy Aletta was sy lewe. 'n Liefde wat so mooi omvou het in sy vertellinge. Sy harde hande, vol bewyse van al sy jare se woeker, het saam gepraat. As jy by die melkstal was het jy op 'n ou omgedopte emmer gesit en saam gekuier so tussen die werk deur. As jy geterg het oor tannies was sy reguitantwoord: "Daar is nie nog 'n Aletta nie."

Gaan rus saam met jou Aletta, oom West. Oom laat vir seker 'n leemte. Oom se verhaal sal ons nog vertel - van toentertyd tot nou.

# Uitdiepen: Week 4 van 2023



Ek het haar nooit geken nie, maar ek het van haar geweet. Elke mylpaal wat sy bereik het, het ek van gehoor. Die dag toe sy trou, het ek daarvan geweet. Met die geboorte van haar eerste seun, het haar pa my laat weet. Ek het saam met haar ouers gewerk - dis hoe ek haar geken het.

Verlede jaar in Januarie het ek weer met haar pa oor WhatsApp gesels, sy was swanger met ’n tweede jongman. Ongelukkig is daar borskanker by haar gediagnoseer en die dokters het besluit dat die baba so gou as moontlik in die lewe gebring moet word om sy mamma se lewe te red.

Die baba is dus op 36 weke gebore - blakend gesond. Die behandeling het begin.

Oor die volgende paar weke het sy chemoterapie ondergaan. Die onkoloog was nie seker of die behandeling enigsins gaan help nie.

Maar dit help! Die mooi vrou hoor dat sy skoon is en die hele familie vier fees. Sy moet weliswaar gaan vir skanderings om te kyk of sy skoon bly.

Teen Oktober, met ’n skandering, sien die radioloog ’n gewas in haar brein - ’n redelike gewas. Die behandeling moet weer begin.

Omdat die hospitaal en haar dokters redelik ver vanaf hul tuiste is, het haar man aansoek gedoen vir ander werk nader aan die dokters. Hulle trek Pretoria toe en twee weke daarna is die pragtige vrou tuis dood.

Een boeta is 3 en die ander boeta 1 jaar oud. En haar man verslae.

Ek het haar nooit geken nie, maar ek het van haar geweet. Ek gaan na die roudiens, maar in plaas van swartrokmense is almal vrolik aangetrek. Die lokaal is vol blomme en haar begrafnisbriefie ‘n pragtige huldeblyk: fotos van ’n laggende, stralende vrou, met haar kinders en haar man. Die briefies wat vir haar geskryf is, spreek van iemand wat positief in ander se lewens ingebou het.

Dis hoe hulle haar leer ken het: as vrolike mens met ’n hart vol blomme, altyd dankbaar, altyd dienend.

Met die lof- en aanbiddingsmoment, voordat die Woord bedien word, sien ek haar man heel voor staan met sy hande na bo uitgestrek en ek huil heerlik. Hy sing saam, en dit is asof hy wil uitroep: “Here, ek sit alles wat ek het in U hande, ek gee myself oor.”

Deur die loop van die diens luister ons na twee huldeblyke: een van haar man en een van haar skoolvriendin. Wat hulle sê, slaan my asem weg.

Altwee vertel dat die mooi vrou ’n navolgingswaardige persoon was. Iemand wat diep in ander belanggestel het. Die mooi vrou was ook ’n professionele fotograaf en haar man vertel hoe hy saam met haar na troues moes gaan waar sy die foto's moes neem. Hy vertel hoe hulle, as egpaar, vir die troupaar kon bid en saam met hulle oor die toekoms kon praat.

Haar man vertel van die puik vrou wat sy was en hoe sy met haar kinders gespeel het en hulle geleer het. Totdat sy hulle nie meer kon optel nie. Ons kyk na videogrepe hoe een seunskind op haar skoot sit terwyl sy klavier speel. Ons hoor van haar passie: om in die kerk se lof- en aanbiddingspan te speel en te sing.

Ons hoor, sonder om tussen die lyne te lees of om dit iewers af te lei, dat sy waarlik ’n voorbeeld was.

En sy was net 31 jaar oud. Wel, amper 31 jaar.

Sy was ’n voorbeeld en sy los ’n erfenis.

Wanneer iemand van “erfenis” praat, dink baie mense dat dit oor goeters gaan: jou kinders kry jou plaas of iemand ry nou met Pa se bakkie. Maar hierdie is veel anders as dit.

Die woord “legacy” klink vir my baie beter in hierdie konteks: die nie-tasbare dinge wat ons hier los wanneer ons die dag die hemelse verruil vir die aardse. En of jy aan die hemel en die hel glo, maak nie eintlik hier saak nie: dit is wat jy nòù doen en hoe jy dit doen, wat belangrik is. Vir beide gelowiges en ongelowiges.

Lank nadat jy dood is, gaan mense nog oor jou praat: hetsy oor die wreedhede wat jy gepleeg het, die mense wie jy gehelp het of diegene wie se lewenspad jy met liefde aangeraak het. En raai? Elkeen van ons kan kies wat ons legacy is. As ons net meer daarop kan fokus in hierdie deurmekaar wêreld.

Ek het haar nooit geken nie, maar ek het van haar geweet.

Les drie vir die jaar: Dink goed na oor die legacy wat jy hier op aarde gaan los. Dis jou keuse.

Ek wil so graag onthou word as iemand wat lag gebring het (hetsy met my aankoms of met my vertrek – die mens kan kies), ek wil onthou word as iemand wat gehelp het (twee woorde kom nou by my op: “wal” en “sloot”, maar dit daargelaat). Ek wil onthou word as iemand wat lief was vir hulle gesin, familie en vriende (al het ons heerlik gestry), iemand wat lief was vir haar man (ek is regtig lief vir hom!). Ek wil onthou word as iemand wat lief is vir die Here (ek probeer daagliks om die straight en narrow te bewandel, maar ek sukkel soms), iemand wat hard gewerk het en net so lekker kon ontspan.

Ek het haar nooit geken nie, maar ek het van haar geweet. Haar naam was Anica. Nee, haar naam is steeds Anica, want hier op aarde leef haar legacy voort. In die foto's wat sy geneem het, die lewens wat sy aangeraak het, die getuienis wat sy gelewer het terwyl sy geleef het, in die lig wat sy gebring het.

Wat is jou legacy? Het jy al ooit daaraan gedink?

# Blydskap oor Hennie tuis is

Meer as twee maande gelede het Hennie Booysen, afgetrede Cloverwerker van Heilbron, se lewe in 'n oogwink verander. Sy linkerbeen is verlede jaar op 28 Oktober geamputeer. Nóú, byna drie maande later, is hy uiteindelik tuis.

Hennie is as kind deur 'n voertuig raakgery wat skade aan sy bene berokken het.


Toe sy been 'n ruk gelede weer begin seer word het, het hy besluit om mediese raad in te win. Ná 'n deeglike ondersoek het die dokter opgemerk dat Hennie 'n aneurisme in die waai van sy been het. Hy het voorgestel dat dié verswakte bloedvat dringend verwyder moet word en dat 'n stent in die plek daarvan geplaas moet word. Ongelukkig het die operasie nie na wense verloop nie. Die stent het die bloedtoevoer na sy been bly blokkeer. Die stent is later met 'n ander een vervang, maar steeds kon die probleem nie daarmee aangespreek word nie. Bloedklonte het begin om na die fyner are in sy been te beweeg wat die bloedtoevoer na sy been heeltemal afgesny het. Op 21 Oktober het Hennie 'n noodoperasie ondergaan, maar met geen verbetering, is sy been 'n paar dae later geamputeer.



Hennie het egter besluit om nie in sak en as te gaan lê nie en vertel dat dit onder die omstandighede eintlik baie goed met hom gaan. Hy ontvang hulp by 'n rehabilitasiesentrum in Pretoria waar hy onder meer leer om met sy nuwe prostese oor die weg te kom. Hennie vertel dat hy net voor Kersfees ontslaan is en dat sy goeie vriende, Keith en Alet Petzer, hom gaan haal het om sy familie vir die Feestyd te kom verras. Die gesin was oorval met blydskap en het die dag ná sy aankoms op 'n weeklange seevakansie vertrek.

Hy noem egter dat sy nuwe omstandighede vol uitdagings is, maar dat hy besig is om goed aan te pas. Hennie en sy vrou, Gerda, woon tans by sy dogter, Cindy Rossouw, terwyl veranderinge in sy huis aangebring word. Die veranderinge sal sy alle daagse kom-en-gaan heelwat vergemaklik en is byna voltooi.

**RIEMLANDER HOU VEILING**
Saterdag, 25 Februarie 2023
33 Kerkstraat, Heilbron
Kontak ons gerus indien jy enige meubels of los goedere het, wat op veiling gesit kan word!
JOHAN BROODRYK 063 534 4088
PIETER GROENEWALD 064 105 1672







## VAKATURE: NG KERK HEILBRON-SUID SKRIBA EN KASSIER

*Die Kerkraad nooi belangstellendes uit om aansoek te doen vir die pos van skriba en kassier wat beskikbaar sal wees vanaf 1 April 2023.*

**Skriba plige sluit, onder andere, die volgende in:**
- Opstel van kerk- en bestuurraad agenda's;
- Neem en opskryf van notules van die kerk- en bestuursraad (geen stemreg);
- Byhou van lidmaatregister (gebruik 10 - NG Kerk se eie program);
- Opstel, tik en verspreiding van weeklikse gemeentenuus;
- Opstel van jaarlikse kalender;
- Algemene kantooradministrasie; en
- Skakeling met lidmate, publiek en ander kerkverwante organisasies.


**Kassierpligte sluit, onder andere, die volgende in:**
- Alle finansiële boekhoudingspligte van die gemeente tot en met die proefbalans (gebruik Finkerk - NG Kerk se eie finansiëleprogram);
- Hanteer alle geld wat ontvang word (kontant, EFT, kaartbetalings, ens.);
- Bank van kontant soos en wanneer nodig;
- Berekening en betaling van salarisse;
- Betaling van krediteure;
- SARS, LBS en WVF berekeninge en betalings;
- Opstel van finansiëleverslae vir die finansiëlediensgroep en kerkraad; en
- Voorbereiding en voorlegging van alle inligting aan ouditeure.

**Kwalifikasievereistes**
- Senior sertifikaat (Gr 12) met rekeningkunde as vak;
- 'n Minimum van tien (10) jaar ondervinding in finansiële / algemene kantooradministrasie; en
- Bewese rekenaarvaardighede in Excel, Word, PowerPoint en rekeningkundige programmatuur (Pastel ens.).

**Verdere vereistes sluit:**
- Hoë standaard taalvaardighede;
- Hoë etiese norme en Christelike geloofsoortuiging; en
- Lidmaatmaatskap van die NG Kerk Heilbron Suid te bekom, indien nie reeds 'n lidmaat is nie.


**Algemeen**
*Aansoeke vir hierdie pos kan aan die Voorsitter van die Diensverhoudingediensgroep gerig word:*
- NG Kerk Heilbron-Suid, Breëstraat 59, Heilbron, 9650; of
- per e-pos na ngheilbrons@gmail.com en moet vergesel wees van 'n volledige CV.

**Navrae kan aan me Magda van der Merwe, by telefoonnommer 058 852 1990 gerig word.**
**Sluitingsdatum: 31 Januarie 2023**










GiG Technologies (Pty) Ltd
**Vakante Betrekking**
**IT Tegnikus**
Opsoek na 'n energieke, leergierige persoon wat verantwoordelik sal wees vir die volgende:
*Installering van kameras en alarm stelsels *Kliënte diens
*Installering & herstel van internet en ander toerusting
Vereistes:
- Goeie kommunikasie vaardighede - Goeie rekenaar algemene kennis
- Probleemoplossingsvaardighede - Goeie menseverhoudings
- Bestuurslisensie
CV's en navrae kan gestuur word na: adriaan@gigtechnologies.co.za Tel: 072 840 4495

# MATRIEKUITSLAE • MATRIEKUITSLAE

## Heilbron doen dit 26ste keer

"Ek is baie opgewonde en baie dankbaar. Soms, as mens die kinders sien en hulle is so stout deur die jaar, dan twyfel jy en wonder of hulle jou in die steek gaan laat, maar weereens het ons skool se leerders baie hard gewerk in die eksamen en hulle deel gedoen. Ons is baie trots op hulle." Dít is die woorde van Henriëtte Janse van Rensburg, Engelse onderwyser by die Hoërskool Heilbron (HSH).

Die skool spog vanjaar met 'n 100%-slaagsyfer en dis die 26ste agtereenvolgende jaar wat dié prestasie behaal is. Die Matrieks van 2022 het verlede Vrydag, 20 Januarie, die pad skool toe vir die laaste keer aangepak om hul uitslae te ontvang. Die atmosfeer in die HSH se saal was met opgewondenheid en 'n tikkie benoudheid gelaai toe daar gewag is op die vel papier wat toekomsdrome moes ontsluit. Met die aankondiging van die eerste leerder se naam het die gegons begin en soos elkeen hul sertifikaat ontvang het, het die leerders mekaar op die skouer geklop en begin gerusstel: "As ék dit kon maak, sou jy ook." Groot was die verligting met die uitdeel van die laaste sertifikaat en toe twee en twee bymekaar getel is om 100% te kry.

Die leerders het almal groot planne en drome vir hul toekoms.

Mbali Malindi, die dux-leerling van 2022 wat met ses onderskeidings spog, vertel dat sy haar drome gaan najaag en medies gaan studeer aan die Universiteit van die Witwatersrand. Jane Jansen van Rensburg, nog 'n 2022-Bronnie, gaan ook haar drome volg om 'n verskil in kinders se lewens maak deur onderwys op die PUK te studeer. Sy spog met twee onderskeidings en vertel dat sy 'n paar van haar vraestelle gaan laat hermerk. Anika Groblaar, nog 'n slimkop wat verlede jaar ook die Voorsitter van die skool se leerlingraad was, gaan Natuurwetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Haar raad aan vanjaar se matrieks? "Begin nóú al om te leer."






## 100% slaagsyfer vir Reitz




*Die Hoërskool Reitz (HSR) se matrieks van 2022 spog met 'n 100%-slaagsyfer. Die skool se jongste verlaters het ook 'n blink toekoms wat wink met 30 leerders (88,2%) wat aan die Baccalaureus-graadvereistes voldoen, vier leerders (8,8%) wat vir Diplomakeurings kwalifiseer en 2,9% leerders met Hoërsertifikaatvereistes.*
*Die skool spog verder met 25 A's, 39 B's, 81 C's en 51 D's. Jan Hendrik Lange, 2022 se slimkop, is ook genooi na die departement se Top 50-funksie.*

## Top 100 learners in the Province



Phiritona Secondary School has out done itself again. The school is boasting with their star 2022 matric learner, Neo Mokoena, who was invited to Bloemfontein as one of the Top 100 learners in the province.

## Reitzer skitter by Top 50-fuksie






*Op die foto links bo: Jan Hendrik Lange, 'n leerder wat in 2022 aan die Hoërskool Reitz gematrikuleer het, het sy skool se naam behoorlik hoog gehou met sy onlangse matriekuitslae.*
*Met sewe onderskeidings agter sy naam, is Lange na die Departement se funksie vir die Top 50 presteerders in die Vrystaat genooi. Die skool noem in 'n nuusbrief dat hulle die Here dank vir sy genade en seën wat op die matrikulante gerus het. Die skool is baie trots is op elke matriek van 2022.*

## Sandersville proud of their matric results

Sandersville Combined School is extremely proud of their 2022 matrics. The school has a 91,3% pass rate.

They are also proud to announce that the matrics got five distinctions among them. 52% of their candidates also obtained a Bachelor Degree Pass.

The school's star learner was Mathew Radebe. He received two distinctions - one in Tourism and the other one in Business studies.





## Seven distinctions for Karabo



*Sediba-Thuto Secondary School's star learner, Karabo Michelle Mofokeng, has obtained seven distinctions with Mathematics and Life Sciences as her best subjects. Mofokeng was invited to Bloemfontein to attend the function for the Top 100 matriculants in the Free State. She was placed 15th in the province. She is also short listed for the top 20 and top 10 candidates of the University of the Free State's Stars Awards. Karabo recently went to Cape Town for being positioned 1st of the quin tile 1-3 schools in a mathematics competition.*

# KENNISGEWINGS

## LOST OR DESTROYED DEED

FORM JJJ
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T49719/2000**
passed by **KOJOCO EIENDOMME BK, CK 1995/020002/23**
in favour of **YELLOW STAR PROPERTIES 95 CC, CK 2000/032353/23**
in respect of **PORTION 109 (OF 29) OF THE CONSOLIDATED FARM VAALDAM SETTLEMENT 1777, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds BLOEMFONTEIN, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at BLOEMFONTEIN on 18 JANUARY 2023.
**GUTHRIE & THERON ATTORNEYS**
**77 MAIN ROAD, HERMANUS**
**esme@gtlaw.co.za**
**028 312 3626**

---

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **OTTO**
First names: **HESTER DOROTHEA**
Estate number: **10763/2022**
Identity/passport number: **430221 0002 081**
Date of death: **26/09/2022**
Last address: **FARM WELTEVREDE, SASOLBURG, FREE STATE**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELUIS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**Tel: 058 852 2035**
**Reference: AA Schutte**
**Date submitted: 2023/01/20**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **ELIZABETH JACOBA ALETTA HEYMANS,**
**Identiteitsnommer 361202 0037 08 0,** wat 'n Weduwee was en woonagtig was te plaas Bethesda, distrik Reitz, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 7 November 2022,
**Boedelnommer 000349/2023.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## BETREKKING GEVRA

Op soek na 'n drywerspos. Ek beskik oor 'n kode 8 lisensie en is betroubaar.
**Skakel Alfred 076 511 8189**

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R




# SMALLS

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Hendie Lötter
**Tel: 058 852 3033 | heraldnuus@heilbron.co.za**

## WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30 | **SATERDAE**: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033




## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## POSTNET HEILBRON

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Rolbalklub bly steeds groei

Die kompetisie tussen die boerevereningings is agter die rug en was dit nou nie lekker nie? Almal wat deelgeneem het was wenners in eie reg, só ook die rolbalklub met die aanbied van nog 'n geleentheid vol welslae.

Die kampioen van kampioene was Crausekop. In die tweede plek het die Elande, daar van Gottenburg se kant, gevolg. Gottenburg se tweede span wou egter nie agter bly nie en die nodige balle gerol om in die derde plek te eindig.

Maar nou moet die sitplekgordels vasgemaak word vir die kompetisie van kompetisies wanneer die eerste sewe spanne van die Besigheidsliga teen die eerste sewe spanne van die Boerevereniging te staan kom. Dit gaan groot wees!

Baie dankie aan al die borge vir die ondersteuning van hierdie kompetisies:

Lizzy Myburgh - Short Term makelaars, Chris Volschenk - CH Granite, Jolien Engelbrecht - Platteland Apteek en Pakworks.

Soos verlede week berig, is Valsrivier se vierekompetisie die afgelope naweek by Vredefort se rolbalklub gespeel. Om te sê dat die Heilbron rolbalklub kook, is dalk sagkens gestel. Drie mansspanne, met vyf beginners, neem tydens die uitspele deel. Gerrie Muller, RJ Muller, Johnnie Fourie, Bennie Steenkamp en Willie Pretorius was die groentjies.

Aan die einde van die naweek is die span van Rudi Jacobs, TL de Waal, Jurie Jonker en Gerrie Muller as wenners gekroon.

Aan die dames kant het die span van Tracy Jacobs, Natassha Jonker, Hannalie Claassen en Henriëhett de Waal in die derde plek geëindig.

Sonja Muller, ook 'n beginner, was deel van Kroonstad se damesspan wat die tweede plek ingeoes het.

Nou is dit vasvat vir die spanne van Tracy en Rudi Jacobs wat deurgedring het na Noord-Vrystaat se uitspeelstryd.

Met al hierdie goeie nuus kan Heilbron ook spog met TL de Waal wat gekies is as reserwe vir die Noord-Vrystaatspan.



*WENNERS: Op die foto vl: Jurie Jonker, TL de Waal, Rudi Jacobs, Gerrie Muller.*



*BOEREVERENIGING WENNERS: Op die foto vl: Nicolaas Bester, DJ van Deventer, Petri Muller, JC Pretorius, Cor van Deventer en Chris Volschenk.*



# Kom speel môre saam

Die jaar se gholfkompetisies skop met die klub se borgdag af wat op 'n slagspelbasis beslis gaan word. Dit is nogal 'n moeilike een, want elke putjie móét klaar gespeel word.

Verlede Saterdag het Vian Leeb se stokke die praatwerk gedoen. Hy speel 10 houe beter as sy voorgee en wen die kompetisie maklik. Die lae-voorgee-manne was almal in die pryse. Ruan Minnie eindig tweede met 41 punte gevolg deur Jackie Leonard met 40.

Daar word versoek dat spelers hul rondtetellings moet inlees na afloop van dag se spel. Die komitee gaan in die toekoms meer noukeurig nagaan dat dit wel gebeur het.

Saterdag open inskrywings om 10:00 en kostes beloop R350 wat 'n halfwegete en braaipak insluit. Pap en sous word deur die klub voorsien.

*Op die foto bo Saterdag se wenners vl: Ruan Minnie, Vian Leeb en Jackie Leonard.*



# Heilbron verloor in naelbytstryd

Tydens Saterdag se krieketwedstryd wat op die Hoërskool Heilbron se veld plaasgevind het, het Heilbron se boulers uitstekend gevaar. Hulle kon dit regkry om Sasolburg se kolwers tot 170 lopies te beperk. Theuns Botha se goeie boulsyfers van 3 paaltjies vir 31 lopies het Sasolburg aanvanklik op die agtervoet gehad. Armand Smith het weereens gewys dat hy nie botter in sy hande het nie en twee puik glipvangskote geneem. Dit het gekom vanaf die boulwerk van Pieter Baan en het gehelp om ontslae te raak van Sasolburg se gevaarlike kolwers. Alhoewel Heilbron baie goed gekolf het, het Sasolburg se boulers 'n paar vinnige paaltjies geneem en Heilbron só verhoed om lopies te aan te teken.

Smith is met sy drie vangskote, een paaltjie en 24 lopies met die kolf as man van die wedstryd aangewys.

Die plaaslike klub se volgende wedstryd vind op Saterdag, 27 Januarie, teen Meyerton plaas. Die wedstryd begin om 13:00 by die Hoërskool Heilbron se veld. Alle Heilbronners word uitgenooi om die manne in aksie te kom sien en te ondersteun.

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44 | Heilbron | 9650

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 30 JANUARIE 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 31 JANUARIE 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
BLOEMFONTEIN: FOUCHÉ JORDAAN ALGEHELE UITVERKOPING VAN SAVM STOET KUDDE
11:00, Bloemfontein skougronde
Kontak Pierre Erasmus 084 776 2507

WOENSDAG - 1 FEBRUARIE 2023
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
VILJOENSKROON: IZAK CRONJÉ UITVERKOPING VAN BONSMARA KUDDE
11:00, Die Kop, Viljoenskroon
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERDAG - 2 FEBRUARIE 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRYDAG - 3 FEBRUARIE 2023
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 4 FEBRUARIE 2023
KROONSTAD: JOHANRI DORMERS PRODUKSIEVEILING
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
KROONSTAD: JOHANRI DORMERS PRODUKSIEVEILING
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

EST. 2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
30% afslag op alle kos items!
Geldig van 4 Januarie tot 29 Januarie 2023 | Drankies is nie hierby ingesluit nie